Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 33**

# INVENTARIS VAN DIE
# LILLIBETH MOOLMAN-VERSAMELING
# Susanna Elizabeth Moolman (geb. Swart, 21.1.1937)

Saamgestel deur: Petra Luus
Julie 2020
Pretoria

Voorwoord:

Die Lillibeth Moolman-versameling bestaan uit ses gedeeltes, nl. Lillibeth Moolman en vyf naaste familielede:

A. S.E. 'Lillibeth' Moolman
B. J.H. 'Jan' Moolman (eggenoot)
C. H.G. 'Wolfie' Swart (vader)
D. H.M. 'Hettie'Swart (moeder)
E. F.J 'Freek' Swart (broer)
F. C.M. 'Connie' Swart (suster)

Hulle was almal prominente figure in hulle onderskeie loopbane. Hier volg 'n biografie van elk:

A. S.E. 'Lillibeth' Moolman

Susanna Elizabeth (Lillibeth) Moolman is op 21 Januarie 1937 op die plaas 'Grootfontein' Reitz Distrik, Vrystaat, gebore. Haar vader, H.G. (Wolfie) Swart, was 'n bekende boer en Verenigde Party politikus in die omgewing. In 1953 matrikuleer me Moolman op Hoërskool Eunice in Bloemfontein. Daarna studeer sy verder by Rhodes Universiteit in Grahamstad waar sy in 1958 haar honneursgraad in geskiedenis en in 1959 'n Hoër Onderwys diploma cum laude, ontvang. Sy het ook in latere jare haar eksamensertifikaat van die Raad vir Eiendomsagente ontvang.

Me Moolman beklee verskeie poste in haar loopbaan:

- 1960: Onderwyseres in Geskiedenis- en Afrikaans by Hoërskool Parktown Girls High
- 1960 – 1961: Onderwyseres by sekondêre skole in Londen, Engeland.
- 1962 – 1974: Politieke beleidsnavorser en toespraakskrywer vir haar man, Jan Moolman, LV vir Oos-London Stad vir die Verenigde Party; Tuisteskepper.
- 1975 – 2018: Verbruikers Regte Aktivis
- 1979- 1986: Aardrykskunde-onderwyseres by Hoërskool Clapham, Pretoria (waarvoor sy 'n merietetoekenning ontvang het).
- 1986– 2000: Eiendomsagent by Jose Wijker en Waterkloofeiendomme.

Vanaf 1975 het me Moolman as ‘n verbruikersaktivis haar toegelê op die regte van die verbruiker. Sy was betrokke by ‘Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie’ (SANCU) en is verbruikerverteenwoordiger op verskeie Statutêre Rade, Trusts en Komitees, onder andere:

- Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (“South African National Consumer Union” [SANCU]): 1986-1989; 1991- 1994; 2001-2004; 2008-2010.
- Vise-voorsitter van die “South African Co-Ordinating Consumer Council”: 1986-1989.
- Voorsitter van die “Committee of Consumer Organisations” (CCO): 1992-1993; 1995-1996.
- Voorsitter: “National Consumer Forum” (NCF).
- Lid van die “Management Committee of the NCF”: 1994-2004.
- Raadslid van die “Food Advisory Consumer Service” (FACS).

Me Moolman was ook betrokke in internasionale verbruikersake wat die volgende insluit:

- In1988 onderneem sy ‘n reis deur die Verenigde State van Amerika geborg deur die “United States Information Service” (USIS) en ondersoek Vroue-regte, verbruikers-organiasies, landboubemarking, tweetalige oorbruging van Spaans na Engels in skole.
- In 1994 was sy ‘n verteenwoordiger van SANCU by die “International Organisation of Consumer Union’s” (IOCU), heidiglik “Consumer International” (CI), se konferensies in Mont Pellier, Frankryk, waartydens sy ‘n referaat oor voedselveiligheid gelewer het, asook in Santiago, Chile, en in Durban, Suid-Afrika.
- In 1993 en 1996 het sy “IOCU Regional Office Africa” se konferensies in Zimbabwe bygewoon.
- Sy het referate oor ‘n verskeidenheid verbruikersake by die Statebond Verbruikerskonferensie in Indië bygewoon.
- Sy het die “International Standards Organisation’s Consumer Policy Committee” (ISO/COPOLCO) se vergaderings as lid van die afvaardiging van die SABS in Helsinki, Geneva, The Hague, Beijing, en Bangkok bygewoon.

As verbruikersaktivis was sy ook by landbouorganisasies betrokke. Sy was ‘n verbruikersverteenwoordiger op die volgende rade:

- Lid van die Aartappelraad (“Potato Board”): 1979-1987.
- Lid van die Koringraad (“Wheat Board”): 1987-1997.
- Lid van die Mielieraad (“Maize Board”)

- Lid van die kommitee deur die Kabinet aangestel om die uitfaseering van subsidie op brood te ondersoek:  1992.
- Lid van die Verbruikersadvieskomitee (“Consumer Advisory Committee”) van die Departement van Landbou.
- Lid van die “Agricultural Marketing Policy Evaluating Committee” (AMPEC): 1992-1994.
- Lid van die “Wheat Forum”, “Maize Forum”, “Sorgham Forum”, “Groundnut Forum”, “Sunflower forum”, “Poultry Forum”, and “Potato Forum”.

Me Moolman was ook lid van die volgende rade:
- “Winter Cereal General Trust” (WIDT)
- “Potato Industry Development Trust” (PIDT)
- “National Regulator for Compulsory Standards” (NRCS)”
- “Free Market Foundation of Southern Africa”
- “Short Term Insurance Ombudsman”
- “Credit Ombudsman”
- “Cotton SA”
- “The Dairy Standards Agency (DSA)”
- “National Agricultural Marketing Council (NAMC)”
- East Agents Affairs Board (EAAC)
- Agricultural Products Agents Council(APAC)
- “Advertising Standards Authority” (ASA)

Me Moolman was betrokke by die volgende vroueorganisasies:
- Lid van die “Women's Bureau of South Africa”.
- Lid en voorsitter van die werkskomitee "Women and Consumers".
- Lid van die Nasionale Vroueraad van Suid-Afrika (“National Council of Women of South Africa”) (NCW).
- Lid van die Internasionale Raad van Vroue (“International Council of Women”) (ICW), waartydens sy Centenial konferensies oor vrouesake in Washington D.C in 1988, en Malta, bygewoon het.
- Lid van SA Vroue Landbou Unie

Me Moolman het ‘n groot aantal publikasies oor verbruikersake geskryf.  Sy is die redakteur van die gewilde boek *The Self-Help Approach to Consumer Problems,*

gepubliseer in 2001 en die mede redakteur van die verbruikershandboek: *Koop Reg, ‘n Verbruikersgids vir Suid-Afrika -Buy right, A Consumer Guide for South Africa* (1991).

Me Moolman ontvang ‘n groot aantal toekennings vir haar rol in verbruikersake. Sy ontvang twee keer die Departement van Handel en Nywerheid se Nasionale Verbruikerstoekenning vir Uitnemendheid in Verbruikersbeskerming (2001 en 2006). Sy ontvang erelidmaatskap by SANCU. In 2004 is sy benoem as ‘n “Paul Harris Fellow” deur die “Rotary Foundation of Rotary International”. Sy het die volgende sertifikate van erkenning ontvang:

- “Kelloggs: Consumer Watchdog, Child Nutrition Expert Panel, 2001-2002.”
- “National Agricultural Marketing Council, Certificate for Excellent Service, 2011.”
- “Winter Cereal Trust Certificate of Appreciation, 2013.”
- “Potato South Africa, Solanum Tuberosum Award, 2014.”
- “Red Meat Industry Forum, recognition for contribution as Consumer Voice, 2015.”
- “SA Chamber of Baking Certificate of Appreciation, 2017.”
- “Dairy Standards Agency Certificate of Merit, 2018.”
- AgriSA Oorkonde: “vir insig en bydraes in die bou van ‘n belangrike vennootskap tussen Landbou en Verbruikes vir voedselvoorsiening in SA”

Me Moolman is ‘n besige mens wat nie kan stilsit nie. Sy is / was lid betrokke by ‘n aantal ander organisasies, onder meer:

- Beweging Red Kerkplein (voorsitter).
- Junior Stadsraad van Pretoria (stigter in 1979 as ‘n projek van die “International year of the Child”).
- Stigter van die Afvalgilde van Pretoria
- Guild of Speech & Drama Teachers of SA.
- Lid van die Africana Vereniging.
- Lid van Vriende van die Anglo-Boereoorlog Museum, Bloemfontein.
- Lid van die Vriende van Smuts Huis.
- Lid van die Pretoria Klub.
- Lid van “Pretoria Country Club”.
- Lid van “The Association of Arts”.
- Lid van “PROBUS”.
- Waterkloof Huis Eienaars Vereniging.

- Waterkloof Leeskring/groep.
- NederDuitse Gereformeerde Kerk van Waterkloof (NGK).
- Stigterlid van die Pretoria Pers Klub, vernoem Die Nasionale Pers Klub.

Tydens me Moolman se onderwysjare by Hoërskool Clapham, is sy betrokke by redenaars waartydens haar leerders aan nasionale kompetisies deelneem en wen. Sy was ‘n beoordelaar en afrigter in openbare toesprake. Sy het ‘n Trofee vir tweetaligeredenaars geskenk.

Me Moolman het in die wêreld ekstensief gereis. Sy is lief vir jag en visvang, verval vlieghengel. Sy lees oor ‘n wye spektrum onderwerpe, soos biografieë, geskiedkundige- en wetenskaplike boeke. Haar stokperdjies is groente- en blomtuin maak. Sy oefen gereeld ritmiese oefeninge by die gymnasium. Sy het provinsiale kleure vir muurbal, en het tennis, hokkie, gholf en bowls gespeel.

In 1962 is sy met dr Jan Moolman getroud. Twee kinders is uit die huwelik gebore. Haar dogter, Molle Moolman-de Bruyn, is ‘n tandarts. Me Moolman het 3 kleinkinders, nl. Liza Theunissen, ‘n mediese dokter, Ferdi, ‘n geoloog, en Bibi De Bruyn-Rossouw, ‘n veearts. Sy het 3 agterkleinkinders.

.................................................................................................................................................

B. J.H. ‘Jan’ Moolman

Dr Jan Hendrik Moolman is op 4 Desember 1902 op Somerset-Oos gebore. Op die ouderdom van vier maande het sy gesin na die plaas ‘Merino’Swaershoek in die Cradock-omgewing verhuis. Hy het sy skoolopleiding te Cradock, Gill-Kollege (Somerset-Oos), en Jongens Hoërskool (Stellenbosch) ontvang. Nadat dr Moolman sy vader op ‘n jong ouderdom verloor het, moes hy die boerdery by Swaershoek oorneem.

Dr Moolman dien vanaf 1928 as sekretaris van die Swaershoek Boerevereniging en Swaershoek Wolkwekersvereniging. Vanaf 1942 dien hy as voorsitter van die Nasionale Wolkwekersvereniging. In 1946 word hy verskies as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Wolraad (“Wool Board’).

Dr Moolman het ‘n groot aantal oorsese konferensies bygewoon in verband met die bemarking van opgehoopte oorlogsurplusse gedurende die Tweede Wêredoorlog, wolbevordering en navorsing. Hy het konferensies van die Internasionale Federasie van Landbou produsente en die Internasionale Woltekstiel organisasie bygewoon. Dr Moolman was ses jaar lank voorsitter van die Bestuur van die Internasionale Wol Sekretariaat (IWS) en voorsitter van die direksie van die Wolburo in Amerika. Daar was hy behulpsaam met die daarstelling van kantore in 14 lande reg-oor die wêreld. In 1956 is ‘n ere doktorsgraad in Landbou deur Stellenbosch Universieit aan hom toegeken.

Teen 1956 was hy die voorsitter van:

- Wolgroeiers Afslaers Beperk (WGA)
- Machina Beperk
- Aero Marine Beperk
- Aero Freight & Travel
- Hydraulick Ltd
- Natal Olie produkte Bpk

Hy is ook direkteur van:

- Saamtrek Bpk
- Middelburg Finansiële en Trust Maatskappy Bpk
- Rothman’s Limited van London en Australië

Dr Moolman was ook by politiek betrokke. In 1962 tot 1974 was hy ‘n L.V. in Oos-Londen-Stad vir die Verenigde Party. Hy was lid van die Landbou Adviserende Komitee vir die Minister van Landbou, sowel as die Landbou Navorsings-adviesraad. Van 1964 - 1965 was hy lid van die Gekose Komitee: Onderverdeling van Landbougrond. In 1974 was hy ‘n lid van die Parlemementere Kommisie van Ondersoek na Landbou Bemarking.

Dr Moolman was ‘n suksesvolle boer wat met Merino-skape en Jersey-beeste op sy plaas Rusoord geboer het. In Middelburg, die Kaap, en Suid-Rhodesië (Zimbabwe) het hy met Afrikaner-beeste geboer. Hy was lid van verskeie veetelersgenootskappe. Hy was ‘n grootwild-jagter en het graag vis gevang. Hy het ‘n groot aantal eiendomme besit.

Hy het verskeie toekennings ontvang, soos die “Golden Fleece Award” van Amerika en ‘n Koningsmedalje.

‘n Paar ander organisasies waaraan dr Moolman behoort het is:

- Ossewa-Brandwag
- Klub Here Sewentien
- Suid-Afrika-Stigting
- *Financial Mail*
- Tourism Group
- Pretoria-Buiteklub

Dr Moolman was met Susanna Maria de Klerk (1909-1951) van Cradock getroud en vier kinders is uit die huwelik gebore, nl. Estelle, Carol, Jan Hendrik en Dirkie. In 1962 trou hy met Susanna Elizabeth Swart (Lillibeth) en hulle het twee kinders, nl. Herman en Mollie. Dr Moolman is in 1982 op die ouderdom van 79 in Pretoria oorlede.

.............................................................................................................................................

C. H.G. ‘Wolfie’ Swart

Hermanus Gerhardus Swart (Wolfie) is op 28 Augustus 1906 op die plaas Grootfontein, in die distrik Reitz gebore. Hy was op laerskool by ‘n klein plaasskooltjie, Bolivia, en het by Hoërskool Reitz gematrikuleer. Dit is hier waar hy die bynaam “Wolfie” gekry het na aanleiding van sy lang hare na sy plaasskooljare.

In 1926 verwerf hy ‘n BA-graad by die Universiteit van die Vrystaat. In 1928 het hy ‘n MA-graad in Ekonomie voltooi en is as die voorsitter van die Studente Verenteenwoordigende Raad verkies. In 1929 is hy vir verdere studie na die Rotterdamse Hanelsinstituut, maar moes sy studie laat vaar as gevolg van die afsterwe van sy vader. Hy het vir sy bejaarde moeder op die familieplaas Grootfontein gaan sorg en later op die buurplaas Helena. Hy boer met mielies, osse en skape en is betrokke by die gemeentskaplewe op Reitz.

H.G. Swart was ‘n Vrymesselaar en die jongste “Grand Master” van die Vrymesselaars van daardie tyd. Hy was ‘n diaken betrokke by die NG Kerk vir ‘n tydperk. Hy was nie weer herkies nie omdat die kerk het teen die Vrymesselaars uitgevaar het.
H.G. Swart was ‘n ondersteuner van genl. Smuts. Hy het in 1930 by die Suid-Afrikaanse Party (SAP) aangesluit en in 1934 by die Verenigde Party (VP). Hy het later deel van die leierskap van die Verenigde Nasionale Party geword. In 1943 was hy ‘n kandidaat vir die Verenigde Party vir die Provinsiale Raadsverkiesing vir die Frankfort-kiesafdeling. In 1948

was hy ‘n kandidaat in Frankfort en in 1953 in die Bloemfonteint-Wes-kiesafdeling. In 1955 word hy lid van die ‘Vergrote’ Senaat vir Natal vir die Verenigde Party en in 1959 lid van die Volksraad in Florida. Hy is die Nasionale Voorsitter van die VP in 1959. Hy vaar uit teen die apartheidsbeleid en glo aan die regte van alle rassegroepe in die land. In die parlement is hy die verenigde Party woordvoerder vir Landbou, Landboubemarking en Landbou tegniese dienste.

Die hoofdoel van die ‘Vergrote Senaat’ was om na verskeie mislukte pogings, die heersende Nasionale Party se omstrede beleid van die Wetsontwerp op die Aparte Verteenwoordiging van Kiesers deur te voer, met die doel om die bruin mense van die gesamentlike kieserslys te verwyder.

Wolfie se politieke lewe van 1955 tot 1962 was ontstuimig. Hier volg kortliks ‘n paar hoogtepunte. In 1959 het die rassekwessie ‘n kardinale invloed op die binne-politiek van die VP gehad, met die wegbreek van lede wat die Progressiewe Party onder leiding van dr Jan Steytler gestig het. In Maart 1960 is die land geruk deur die opstande en optogte by Sharpeville, Langa en Nyanga, gelei deur die Pan African Congress (PAC) en die African National Congress (ANC) wat onder meer teen die paswette en die NP se apartheidsbeleid geagiteer het. In 1961 met die aanloop tot Republiekwording het ‘n heftige politieke stryd gewoed. Wolfie, as VP-lid, moet die moeilike besluit neem om Republiekwording teen te staan om so die eenheid van die VP te behou.

In 1947 word hy aangestel op die Servitute kommisie om die probleme te ondersoek van die begunstigdes op die besproeiingskemas soos die Vaal-Hartzskema. Hy is Lid van die Nasionale Planneraad. Hy was ook lid van die Mielieraad in 1947.

In 1934 is hy met Hester Magdalena (Hettie) Kruger getroud. Uit die huwelik is twee dogters en een seun gebore, nl. Connie Swart, Lillibeth Moolman en Freek Swart.
H.G. Swart is op 11 Julie 1962 oorlede en in die Reitz-begraafplaas begrawe.

<u>.......................................................................................................................................</u>

D. <u>H.M. ‘Hettie’ Swart</u>

Hester Magdalena (Hettie) Kruger is op 29 Maart 1909 op die plaas “Hester” in die distrik Reitz gebore. Sy was in Bloemfontein op Hoërskool Eunice. Sy het kuns aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Sy het haar kunsstudie voorgesit in Spanje, Italië,

aan die Alfred Krenz-kunsskool in Rondebosch en aan die Michaelis-kunsskool van die Universiteit van Kaapstad. Sy was ‘n bekende kunstenaar, veral in die Reitz-omgewing. Sy het uitstallings gehou en kunslesse aangebied. Sy was betrokke by kinderwelsyn, vrouelandbousake en die Rooi Kruis.

In 1934 is sy met H.G. Swart getroud. Uit die huwelik is twee dogters en een seun gebore, nl. Connie Swart, Lillibeth Moolman en Freek Swart. Sy is op 12 Februarie 2000 oorlede.

..................................................................................................................................

E. F.J. ‘Freek’ Swart

Frederick Johannes (Freek) Swart is op 25 September 1939 in Reitz gebore. Na skool het hy drie jaar in Europa deurgebring waar hy ondermeer in Finland en Swede hout gekap het, in België by ‘n mostertfabriek en in Duitsland in ‘n psigiatriese inrigting gewerk het. Daarna het hy sy loopbaan as joernalis by *Die Oosterlig* in Port Elizabeth begin. In 1974 is hy ‘n stigter-redaksielid van die destydse Sondagkoerant *Die Beeld*. Hier het hy onder meer as politieke beriggewer en hoofredaksielid gedien. Vanaf 1983 is hy verbonde aan die SAUK se parlementêre TV-redaksie. In 1985 dien hy op die hoofredaksie van *Die Burger*. Hy was lank ‘n lid van Naspers se politieke en parlementêre verslagspan, politieke indrukskrywer en politieke beriggewer. Vanaf 1990 tot 1994 verteenwoordig hy Naspers in Washington, Amerika. In 2001 tree hy uit as politieke redakteur van *Rapport*.

In 1985 word sy eerste boek gepubliseer, naamlik ‘n bundel kortverhale, getiteld *Spinola se Rooi Angelier*. Hy ontvang die Eugène Maraisprys van die *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns* vir dié bundel. In 1987 verskyn sy volgende boek, *‘n Sirkus in die Steppe*. In 2002 skryf hy ‘n biografie oor oudminister Hendrik Schoeman, *Stormwinde of Droogtes*. Ander stories waaraan hy gewerk het was oor die verdwyning van Rosalin Ballingall in die Knysna-woud. Mnr Swart moes haar gaan soek het en elke Sondag ‘n dubbelbladstorie geskryf oor sy vordering. Sy is nooit gevind nie.

Hy trou met Nina en drie kinders is uit die huwelik gebore, nl. Mia, Herman en Cillié. Freek Swart is op 29 Junie 2003 oorlede.

..................................................................................................................................

F. <u>C.M. 'Connie' Swart</u>

Cornelia Margaretha (Connie) Swart het 'n BA-graad en Universiteits diploma aan die Universiteit van die Vrystaat (UOVS) verwerf. Daarna het sy skoolgehou by 'n aantal skole en tegnikons in Suid-Afrika, Engeland en Italië. In 1973 het sy 'n beurs ontvang vir verdere studie by die Universiteit van Seville in Spanje. Sy voltooi ook die "Woman as Executive Programme" van die Universiteit van Pretoria.

In 1975 sluit sy by die Departement van Buitelandse Sake aan nadat sy vir 'n aantal jare marknavorsing gedoen het. Sy het verskeie kursusse aan die Universiteit van Pretoria geloop in grondwetlike, publieke, internasionale en private wetgewing, sowel as ontwikkelende ekonomie en publieke administrasie en bestuur.

Van 1991 - 1995 was sy 'n Suid-Afrikaanse ambassadeur in Finland, Estonia, Latvia en Lithuania. In 1995 ontvang sy "The Grand Cross of the Order of the Lion of Finland". Dieselfde jaar tree sy uit by die Departement van Buitelandse Sake en begin 'n nuwe loopbaan in besigheid en konsultasie. Sy word 'n aktiewe lid van die Rotariers en ontvang die Paul Harris toekenning van Rotary International.

Bron: Brief Curriculum Vitae of Connie M Swart. 2004. *Practical English*. (Handbook)

---

Die versameling se dokumente is in 'n goeie toestand vanaf mev Lillibeth Moolman ontvang. Na die sorteeringsproses voltooi is, bestaan die versameling uit 68 volumes en sluit onder andere 'n groot hoeveelheid korrespondensie, memorandums, publikasies en foto's in. Dit verskaf waardevolle inligting oor verskeie onderwerpe in die geskiedenis van Suid-Afrika, nl. verbruikersake, politiek, boerdery, joernalistiek, en genealogiese inligting oor die families 'Moolman' en 'Swart'.

**Inhoudsopgawe:** **Bl**

## A. Lillibeth Moolman

1. Algemene korrespondensie
1.1 Briewe 1
1.2 Kaartjies 1
1.3 Poskaarte 1
1.4 Brieweboeke 1

2. Familie

2.1 Korrespondensie aan me Moolman
2.1.1 Briewe van ouers 2
2.1.2 Briewe van Connie Swart (suster) 2
2.1.3 Briewe van Freek Swart (broer) 2
2.1.4 Briewe van Mollie Moolman (dogter) 2
2.1.5 Briewe van kinders in die familie 2

2.2 Familiestories / Genealogie
2.2.1 Korrespondensie; Stamboomkodes; Transkripsies 2
2.2.2 Transkripsies; Aantekeninge 2

3. Persoonlike inligting / Loopbaan
3.1 Curriculum vitae's 3
3.2 Getuigskrifte 3
3.3 Opvoeding 3
3.4 Onderwyseres
3.4.1 Allerlei 3
3.4.2 Clapham High School Pretom Project 3
3.5 Persoonlike dokumente 3
3.6 Allerlei 3

4. Finansies / Kontrakte / Eiendomme
4.1 Rekening by Standard Charted, Zimbabwe 3
4.2 Eiendomme
4.2.1 Algemeen 3
4.2.2 Bel Ombre
4.2.2.1 Korrespondensie 3
4.2.2.2 Ooreenkomste / Hofstukke 3
4.2.2.3 Finansies 3

5. Verbruikersake
5.1 Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANCU)
5.1.1 Vergaderings
5.1.1.1 Agendas 4

5.1.1.2 Notules 4
5.1.2 Korrespondensie 4
5.1.3 Grondwet / Werkportefeuljes / Verteenwoordigers 4
5.1.4 Ooreenkoms 4
5.1.5 Verslae
5.1.5.1 Deur me Moolman 4
5.1.5.2 Deur ander kundiges 5
5.1.6 Toesprake 5
5.1.7 Mediavrystellings 5
5.1.8 Memorandums / Inligtingstukke 5
5.1.9 Funksies (Uitnodigings / Programme / Spyskaarte)
5.1.9.1 Waartydens me Moolman ‘n toespraak gelewer het 5
5.1.9.2 Algemeen 5
5.1.10 Erelidmaatskap / Toekennings 5
5.1.11 Daaglikse rekord (Aantekening boekies) 5
5.1.12 Publikasies
5.1.12.1 Handel oor me Moolman 5
5.1.12.2 Handel oor ander verbruikersake 5

5.2 Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad
5.2.1 Korrespondensie / Uitnodigings / Programme 6

5.3 Aartappelraad
5.3.1 Vergaderings 6
5.3.2 Korrespondensie 6
5.3.3 Trustakte / Wette 6
5.3.4 Verslae 6
5.3.5 Toesprake 6
5.3.6 Programme / Memorandums / Raadslede 6
5.3.7 Publikasies 6

5.4 National Agricultural Marketing Council (NAMC)
5.4.1 Vergaderings / Korrespondensie / Wette / Memorandums / Persverklarings 6
5.4.2 Verslae 6
5.4.3 Aantekeningboeke 6

5.5 Koringraad / Mielieraad
5.5.1 Korrespondensie / Persverklaring / Uitnodigings / Programme 7
5.5.2 Publikasie 7

5.6 Katoen Suid-Afrika
5.6.1 Vergadering: Agenda 7

5.7 Food Advisory Consumer Service
5.7.1 Vergaderings: Agendas / Notules 7

5.8 Beleidsevalueringskomitee (Kassierkomitee)
5.8.1 Korrespondensie / Lede 7

5.9 South African Association for Food Science & Technology (SAAFOST)
5.9.1 Sertifikaat van lidmaatskap 7

5.10 Reise oorsee as verbruikersverteenwoordiger
5.10.1 USA-toer (Junie – Julie 1988) 7
5.10.2 China-toer (Mei - Junie 1995) 7
5.10.3 USA-toer (Julie 2010) 8

6. Rade / Instansies / Verenigings (nie verbruikersake nie)

6.1 Verskeidenheid / Algemeen 8

6.2 Beweging Red Kerkplein
6.2.1 Vergaderings: Agendas / Notules 8
6.2.2 Korrespondensie 8
6.2.3 Debatte van die Volksraad / Akte / Statute / Wette 8
6.2.4 Finansies 8
6.2.5 Verslae / Memorandums 8
6.2.6 Freedom Expression Platform 8
6.2.7 Publikasies 8

6.3 Junior Stadsraad van Pretoria (Internasionale Jaar van die Kind)
6.3.1 Vergaderings: Agendas / Notules 9
6.3.2 Korrespondensie 9
6.3.3 Grondwet 9
6.3.4 Verslae / Memorandums 9
6.3.5 Uitnodigings / Programme 9
6.3.6 Toesprake deur me Moolman 9
6.3.7 Lyste / Deelnemers 9
6.3.8 Publikasies 9

6.4 Nasionale Vroueraad
6.4.1 Korrespondensie / Jaarverslag / Memorandums / Uitnodigings / Programme / Sertifikaat / Publikasies 9
6.4.2 Publikasie 9
*6.4.3* Plakboek: *International Year of the child* 9

6.5 Afvalgilde 9

6.6 Anglo-Boereoorlog Herdenkingsrit 9

6.7 Anglo-Boereoorlog Reëlingskomitee 9

6.8 Die Raad vir Eiendomsagente 9

6.9 Die Suid-Afrikaanse Mediaraad 10

6.10 Pretoriase Persklub 10

6.11 Africana Vereniging van Pretoria 10

7. Redenaars / "Public speaking"

7.1 Korrespondensie / Memorandums / Toesprake / Programme / Allerlei / Publikasies 10

8. Toesprake deur me Moolman tydens private-, sosiale funksies

8.1 Verjaarsdae / Troues / Herdenkings / Begrafnis 10

9. Skryfwerk

9.1 Algemeen 10

9.2 "Die beste uit ons volk se koskas" - deur mev Moolman, verskyn in *Beeld* se kalender 10

10. NG Kerk

10.1 Korrespondensie / Sertifikaat aan me Moolman met voorstelling as lid / Ledelys 10

11. Kuns

11.1 Algemeen 10

11.2 Molla's Art Gallery 11

12. Funksies

12.1 Algemeen: Uitnodigings / Programme / Spyskaarte 11

12.2 Huweliksuitnodigings 11

12.3 Begrafnisbriewe 11

13. Dagboeke 11

14. Boodskapboeke 11

15. Adresboekies 12

16. Notaboekies 12

17. Foto's 12

18. Oudivisuele versameling

18.1 Bande 13

18.2 Video's 13

19. Memorabilia 14

20. Publikasies
  20.1 Koerantberigte 14
  20.2 Plakboeke 14


**B. Jan Moolman**


1. Algemene korrespondensie
  1.1 Briewe 14
  1.2 Brieweboek 14

2. Familie
  2.1 Vrouens en kinders 15
  2.2 Herman Moolman (seun) 15
  2.3 Estelle Neethling (Moolman) (dogter) 15

3. Persoonlike inligting 15

4. Finansies
  4.1 Algemeen 15
  4.2 Aandele / Polisse / Versekering
    4.2.1 Korrespondensie 15
    4.2.2 Aandeelsertifikate 15
    4.2.3 Allerlei 16
  4.3 Inkomstebelasting 16
  4.4 Sansom Mediese Skema 16
  4.5 Ingegane Sement Stene 16
  4.6 Landbank
    4.6.1 Korrespondensie 16
    4.6.2 Vorms; Memorandums 16
  4.7 Boedel van dr Moolman
    4.7.1 Korrespondensie 16
    4.7.2 Memorandums / Vorms 16
  4.8 Rekeningboek 16

5. Eiendomme / Plase / Boerdery

  5.1 Eiendomme

    5.1.1 Algemeen
      5.1.1.1 Korrespondensie 16
      5.1.1.2 Kontrakte / Ooreenkomste 17
      5.1.1.3 Transportaktes / Brandversekering 17
      5.1.1.4 Allerlei 17

5.1.2 Janee Ranch
5.1.2.1 Korrespondensie 17
5.1.2.2 Allerlei 17
5.1.3 Eiendome by Louis Trichardt (Altydlente / Amperbo)
5.1.3.1 Korrespondensie 17
5.1.3.2 Allerlei 17
5.1.4 Eiendomme by Oos-Londen (Pine Park / Rockwoodvale Estates)
5.1.4.1 Korrespondensie; Lys 17
5.1.5 Edinburgh Huis, Claremont
5.1.5.1 Korrespondensie 17
5.1.5.2 Allerlei 17
5.1.6 Erf 374 Middelburg
5.1.6.1 Korrespondensie; Koopkontrak; Finansies 17
5.1.7 Oudehouts Draai, Transvaal
5.1.7.1 Korrespondensie; Memorandum 18
5.1.8 Prince Edward Mansions, Sea Point
5.1.8.1 Korrespondensie 18
5.1.9 Rusoord
5.1.9.1 Korrespondensie 18
5.1.10 12 St. Andrew's Road, Oos-Londen
5.1.10.1 Korrespondensie; Huurkontrak; Finansies 18
5.1.11 Voorspoed / Grootvallei
5.1.11.1 Korrespondensie; Kontrakte 18
5.1.12 Waterkloof-huis
5.1.12.1 Korrespondensie; Planne en tekeninge 18
5.1.13 The Willows (Dirk Moolman)
5.1.13.1 Korrespondensie; Memorandum; Vorms 18
5.1.14 Zwartkop
5.1.14.1 Korrespondensie 18
5.1.14.2 Allerlei 18

5.2 Boerdery

5.2.1 Algemene korrespondensie 18
5.2.2 Advertensies rakende diere 18
5.2.3 Permitte vir die vervoer van diere / goedere 19
5.2.4 Veetelersgenootskappe
5.2.4.1 Afrikaner Beestelersgenootskap 19
5.2.4.2 Charolias Telersvereniging van Suid-Afrika 19
5.2.4.3 Hereford Telersvereniging van Suid-Afrika 19
5.2.4.4 Jersey Veetelersvereniging van Suid-Afrika 19
5.2.4.5 Nasionale Merino ramtelers 19
5.2.4.6 New South Wales Sheepbreeders' Association 19

6. Wol aangeleenthede

6.1 Vergaderings 19
6.2 Korrespondensie
6.2.1 Plaaslik 19
6.2.2 Internasionaal 19
6.3 Allerlei 20
6.4 Foto's 20
6.5 Publikasies 20

7. Politiek
7.1 Vergaderings 20
7.2 Korrespondensie 20
7.3 Toesprake 20
7.4 Memorandums 20
7.5 Gekose Komitee (Onderverdeling van Landbougrond) 20
7.6 Allerlei 21
7.7 Publikasies 21

8. Internasionale kontakte / reise
8.1 Korrespondensie 21
8.2 Reisplanne 21
8.3 Allerlei 21

9. Jag / Visvang
9.1 Korrespondensie 21
9.2 Allerlei 22

10. Lidmaatskap van instansies (nie wol / boerdery nie)
10.1 Algemeen 22
10.2 Financial Mail 22
10.3 Klub Here Sewentien 22
10.4 Suid-Afrika-Stigting 22
10.5 Tourism Group 22
10.6 Ossewa-Brandwag 22

11. Uitnodigings 22

12. Programme / Spyskaarte 22

13. Motorongeluk (Duitsland) 22

14. Dagboeke (Daaglikse beplanning & persoonlike geskrifte) 23

15. Memorabilia 23

16. Foto's
16.1 Potrette van dr Moolman 23
16.2 Gradeplegtigheid 23
16.3 Persoonlik (familie en plekke) 23
16.4 Boerdery / Diere 23
16.5 Eiendomme / Huise 23
16.6 Werksaamhede (Wolraad & politiek) 23
16.7 Ossewa-Brandwag 23

17. Publikasies 24

18. Allerlei 24

**C. H.G. Swart ("Wolfie")**

1. Algemene korrespondensie
1.1 Briewe 24
1.2 Brieweboeke 24
1.3 Telegramme 24

2. Familie
2.1 Korrespondensie 25
2.2 Korrespondensie 25
2.3 Korrespondensie 25

3. Finansies (Polisse / Verbande / Aandele / Boedels)
3.1 Korrespondensie 25
3.2 State; Inligtingstukke 25
3.3 Strokies; Vorms; Kwitansies 25

4. Politiek
4.1 Korrespondensie 25
4.2 Memorandums; Inligtingstukke 25
4.3 Publikasies 25
4.4 Allerlei 25

5. Rade / Komitees / Kommissies
5.1 Algemeen 26
5.2 Kopersbond Beperk 26
5.3 Reitz Ko-öperatiewe Handelshuis 26
5.4 Servitute kommissie 26
5.5 Vrystaat Koöperasie Beperk 26
5.6 Verskeidenheid 26

6. Eiendomme / Plase / Boerdery / Diere

6.1 Korrespondensie 26
6.2 Ooreenkomste; Kontrakte; Transportaktes 26
6.3 Wetlike sake; Uitsprake 26
6.4 Memorandums; Inligtingstukke 27
6.5 Allerlei 27

7. Referate / Toesprake / Skryfwerk 27

8. Uitnodigings / Programme 27

9. Reitz / Riemland / NG Gemeente 27

10. Oprigting van gedenktekens / Standbeelde 27

11. Verdedigingsmag 27

12. Allerlei 27

13. Publikasies 27

14. Foto's 28

**D. H.M. Swart (Hettie)**

1. Algemene korrespondensie 28

2. Familie
2.1 Korrespondensie 28
2.2 Genealogiese inligting oor Kruger-familie 28
2.3 'Flipfile' van die kinders en kleinkinders 28

3. Finansies
3.1 Korrespondensie 28
3.2 Allerlei 28

4. Eiendomme
4.1 Korrespondensie 29
4.2 Wetlike sake 29

5. Allerlei 29

6. Publikasies 29

7. Foto's 29

## E. Freek Swart


1. Algemene korrespondensie 29

2. Familie
   2.1 Korrespondensie 29
   2.2 Bond van die familie Swart 30

3. Finansies
   3.1 Korrespondensie 30
   3.2 Allerlei 30

4. Eiendomme
   4.1 Korrespondensie 30
   4.2 Kontrakte / Transportaktes 30
   4.3 Allerlei 30

5. Joernalistieke loopbaan

   5.1 Algemeen
      5.1.1 Korrespondensie 30
      5.1.2 Allerlei 30

   5.2 Politieke kontakte / artikels 30

   5.3 Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)
      5.3.1 Korrespondensie 30
      5.3.2 Allerlei 30

   5.4 Stories waaraan Freek Swart gewerk het
      5.4.1 Richard Attenborough
         5.4.1.1 Allerlei 31
         5.4.1.2 Publikasies 31
      5.4.2 Hendrik Schoeman 31
      5.4.3 Rosalind Ballingall 31

   5.5 Private skryfwerk 31

   5.6 Publikasies
      5.6.1 Oor Freek Swart
         5.6.1.1 Album 31
         5.6.1.2 Los koerantknipsels 31

      5.6.2 Deur Freek Swart
         5.6.2.1 Plakboeke 31
         5.6.2.2 Los knipsels / koerante 31

5.7 Foto's (vir artikels) 31

6. Verdedigingsmag
6.1 Korrespondensie; Ooreenkoms; Werksboek 32

7. Lidmaatskap
7.1 Streekraad Stellenbosch; Skrywersgilde; Die Afrikaanse Skrywerskring; National Press Club 32

8. Funksies
8.1 Uitnodigings / Programme 32

9. Dagboeke 32

10. Allerlei 32

11. Notas / Notaboekies 32

12. Foto's 32

13. Oudivisuele versameling 33

14. Afsterwe 33

**F. Connie Swart**

1. Korrespondensie
1.1 Familie 33
1.2 Erkenning van me Swart se vertrek as ambasadeur uit Finland en die Baltiese State 33

2. Toesprake 33

3. Simposium 33

4. Plakboeke 33

5. Foto's 33

6. Allerlei 34

7. Publikasies 34